# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**18 September 2022**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Eksodus 12: 12 - 14, 1 Korintiërs 11: 20 - 26 |
| **Tema** | Nagmaal is 'n opdrag van die Here aan die kerk tot by die wederkoms |
| **Sang** | Psalm 118: 1, 12<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 115: 1, 8<br>Psalm 90: 1<br>Psalm 23: 3<br>Psalm 116: 1, 10<br>Psalm 116: 5, 7 (Ingeval van 'n 2de Nagmaal tafel)<br>Skrifberyming 10-2 |

Die 4 belangrike elemente wat na vore kom in die teks is:

1. Dit is 'n teken van herinnering. Gebruik dit – dit is die Here se opdrag. Ons word deur hierdie besondere tekens van brood en wyn daaraan herinner wat Christus gedoen het. Die Nagmaal is 'n monument wat ons aan Christus se opregte liefde en trou herinner, en ons ook daarvan verseker. Die Pasga het die volk herinner aan die fisiese en geestelike verlossing uit Egipte. Nagmaal herinner ons aan die ewige
verlossing uit die verganklike en rig ons hoop op die ewige in die tydelike.

2. Nagmaalviering is Christusverkondiging in die gemeenskap as die liggaam van Jesus op aarde. Ons verkondig die blye boodskap wanneer ons die brood eet en die wyn drink dat ons verlossing volkome is.

3. Ons is deel van die Koninkryk van God. Ons het nooit 'n dieper gemeenskap met Christus, deur die geloof, as wanneer ons sy liggaam en bloed saam ontvang nie. Daarom is die gemeenskap met Christus die hart van die Nagmaalsviering. Ons het deur die genade hierdie seël en teken ontvang as versekring dat dit waar is.

4. Die Nagmaal wys ons op die toekoms. Ons Here Jesus het in Sy onderrig die verwagte groot toekoms vergelyk met 'n koninklike bruilofsmaal. In Openbaring word dit beskryf as 'n ewige fees. Die volmaakte het nog nie gekom nie. Nou reeds geniet ons die gemeenskap met Christus. Maar dit is 'n gemeenskap-in-geloof, waarin ons nog nie in aanskoue en in die volle werklikheid die Here ken nie, en Hom ook nog nie aanraak en die brood en die beker uit sy hand ontvang nie. Elke Nagmaalsviering is vir ons 'n oefening in die geloof.
Is daar by ons nog 'n lewende verwagting dat Jesus besig is om te kom? Elke Nagmaal is nodig om ons verwagting op Christus te vestig (vergelyk die *'so dikwels'* van 1 Korintiërs 11 ('53)).

Die genoemde vier gesigspunte dui aan hoe onmisbaar die Nagmaal is vir ons

## OOG VIR MEKAAR



* Ons is dankbaar dat dit beter gaan met Gerhard Maritz. Ons bid vir sy volle genesing en dink aan Martie en Johan in hierdie tyd.
* Ons bid vir Theuns Botha wat weer DV Dinsdag vir chemo in Pretoria gaan. Baie sterkte vir julle as gesin en familie.
* Ons is dankbaar dat Alfrieda Lessing se ma, na 7 weke in die hospitaal, weer tuis is. Ons baie dankbaar dat tannie Lettie Coetzee nie meer alleen is nie.
* Veronica Schutte is uit die hospitaal ontslaan. Sterkte met jou herstel. Ons bede is dat die bloedklonte in Marius se been ook vinnig sal oplos.
* Baie dankie aan die Silwerdoppers vir Dinsdag se lekker lag met die kegels. Ons doen dit verseker weer.
* ***Neem asb kennis dat die kerkantoor gesluit sal wees vanaf 19 September tot 2 Oktober.***

## KONSISTORIEDIENSBEURT 18 SEPT

**Diensbeurt: Wyk 8**
**Ouderling: Marthinus vd Walt**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken: Koemie vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**18 September 2022**
**Geen koffie of tee sal bedien word nie agv die Nagmaal.**

**25 September 2022**
**Geen koffie of tee sal bedien word nie agv die Gemeentekamp.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| *22 September* | *18:00* | *Kerk* | *Finans kommssie* |
| 20 September | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 21 September | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 21 September | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 22 September | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 22 September | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



## Verjaarsdae

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 18 Sept | ***Magda Burger **** <br> Marnus Roux <br> Nina Combrink | ***71*** <br> 25 <br> 5 | B <br> B <br> D | 071 376 9276 <br> 078 124 0964 <br> 073 318 8142 |
| Ma 19 Sept | ***Rina Buys ***** | ***87*** | B | 083 249 6911 |
| Di 20 Sept | Zani Prinsloo | 55 | B | 083 255 9390 |
| Wo 21 Sept | Theuns Loots <br> Carina Venter <br> Pieter Jongbloed | 65 <br> 55 <br> 5 | B <br> B <br> D | 071 851 3149 <br> 082 575 9143 <br> 082 575 9143 |
| Vr 23 Sept | Philip Snyman <br> Leila Hoogendyk | 62 <br> 12 | B <br> D | 083 463 1134 <br> 084 802 3323 |
| Sa 24 Sept | Megan vd Merwe | 32 | B | 084 802 3323 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Ma 19 Sept 2020 | Piet & Theunet Kruger | 2 | 082 899 4317 <br> 065 989 5301 |

# KERK RAMINGS

| | Raming per belydende lidmaat | | | | Totale ramings | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2023 | 2023 | | 2022 | 2023 | 2023 | |
| | | | % verander | % v. totaal | | | % verander | % v. totaal |
| **Aantal belydende lidmate** | | | | | **45 075** | **43 433** | -3.60% | |
| EVT* | 423.2 | 455.19 | 7.60% | 48% | 19 075 530 | 19 770 062 | 3.60% | 49% |
| Medies | 154.75 | 162.21 | 4.80% | 18% | 6 975 314 | 7 045 067 | 1.00% | 17% |
| Thuso* | 30.18 | 32.89 | 9.00% | 3% | 1 360 477 | 1 428 469 | 5.00% | 4% |
| | **608.13** | **650.28** | **6.90%** | **69%** | **27 411 290** | **28 243 598** | **3.00%** | **70%** |
| TSP* | 188.14 | 199.43 | 6.00% | 21% | 8 480 323 | 8 661 684 | 2.10% | 21% |
| Adminburo | 59.83 | 62.79 | 4.90% | 7% | 2 696 825 | 2 727 023 | 1.10% | 7% |
| Sinodekas | 10.13 | 4.17 | -58.80% | 1% | 456 449 | 181 218 | 60.30% | 0% |
| Argief | 8.53 | 7.73 | -9.50% | 1% | 384 705 | 335 601 | 12.80% | 1% |
| Studentehulpkas | 6.5 | 50.02 | -22.70% | 1% | 292 937 | 218 223 | 25.50% | 1% |
| | **881.25** | **929.42** | **5.50%** | **100%** | **39 722 529** | **40 367 347** | **1.60%** | **100%** |

*EVT (Emeritaatversorgingstrust)

*TSP (Teologiese Skool Potchefstroom)

*Thusdo (Is vir die versorging van emeriti van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn.)

## STILGEBED

Soos lidmate nou al weet word daar ‘n geleentheid gebied aan lidmate om na die diens ‘n stil gebed te doen. Die gebed is ongeveer ‘n minuut lank.



Die kerkraad wil graag die volgende orde daarmee saam bring.

Lidmate sal steeds die geleentheid gegun word vir ‘n stilgebed, Ds Sarel sal na ‘n minuut afsluit met ‘n Amen, waarna Ds Sarel die slot gebed sal doen.

Kollekte sal dan opgeneem word en die slot Psalm sal daarna volg.

## AANDDIENSTE

Die Kerkraad het ‘n besluit geneem met die Breëkerkraadsvergadering dat daar weer aanddienste sal wees.

Die dienste sal soos voorheen ‘n preekbespreking na die erediens insluit. Daar sal ook relevante onderwerpe bespreek en gedebateer word.

Lidmate word ook versoek om hulle insette te gee met onderwerpe wat hulle graag sou wou bespreek.

Die aanddienste sal na die skoolvakansie begin en lidmate moet asb die Basuin dophou vir dataums en tye van die aanddienste.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.**

**Jesaja 46:4**

## ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

Belydende lidmate Jaco en Charnell Vorster vanaf GK Potgietersrus-Wes.
Belydende lidmate Riaan en Bonnie Jansen van Rensburg vanaf GK Rietvallei.
Belydende lidmaat Hendrik Louw Eilers vanaf Pietersburg-Noord.



Lidmate opgeneem :
Belydende lidmate Louiz en Petro Holtzhausen.
Belydende llidmate Willie en Nelia Oldewage.

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.

# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan *'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.*

Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal!!!

**Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek NOU en voorkom teleurstelling!!!!!!**

Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# NAGMARK




Ons hou basaar ***"NEE NEE ons hou die beste NAGMARK ooit"*** op Vrydag 28 Oktober 2022.

Ons beplan om soos gewoonlik stalletjies soos **Wit Olifant tafel, koek en gebak tafel, pannekoek tafel, wors broodjies en koeldrank en water stalletjie** ens te hê. Daar sal ook 'n springkasteel en waterglybaan wees om die kinders besig te hou.

***En die beste van die aand sal die bees op 'n spit wees, vir aand ete. Kaartjies sal teen R 120.00 per persoon verkoop word. Saam met dit sal daar pap en sous asook slaai en VARS gebakte brood bedien word.***

Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die aand is welkom, bv. enige handgemaakte items ens. Die stalletjie sal jou R 200.00 kos, 'n "bargain" soos min.

Enige skenkings kan nog gedoen word. - kontak vir Daleen: 079 490 2678.

Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan die jou kalender.

# EVANGELISASIE



**Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees**

**Rom 3:10**

**Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie.**

**V19; Niemand sal hom dus kan verweer nie, die hele wêreld is strafwaardig voor God**



## Praat saam....

- Jy het die ys gebreek met 'n algemene gesprek.
- Pesoon se behoeftes, sy vreugdes en pyne bepaal.
- Gee aandag aan fisiese behoeftes, help.
- Emosionele behoeftes, troos, bid, luister wees net daar, wees saam bly.

# EVANGELISASIE (VERVOLG)





## Praat in die krag van God

- Weet jy dat ons almal sondaars is wat verdien om in die HEL gegooi te word. Waar daar vuur sal wees, 'n geween en gekners van tande. Vreesaanjaend!!!
- Besef jy dit?
- Weet jy dat daar uitkoms is?



## Praat in die krag van God

- Rom3:22 ...deur in Jesus Christus te glo, gee God dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God af, maar op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis."*

*1 Korintiërs 11: 23 & 24*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS